testpapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **30**

**TYD:** **1½ uur**

* 9 A F A L 3 *

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Kreatiewe Teks (Opstel) (20 punte)
   AFDELING B: Transaksionele Teks (10 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

4. Voer die opdrag by elke vraag wat jy kies noukeurig uit.

5. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

6. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke teks van ŉ gepaste titel/opskrif.

9. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het onder die skryfstuk neer.

10. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 20 minute

12. Skryf netjies en leesbaar in swart of blou ink.

**AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die onderwerpe hieronder en skryf 'n OPSTEL van **250–300 woorde** daaroor. Hou die volgende punteverspreiding in gedagte:

| | |
|---|---|
| Inhoud en Beplanning | 12 |
| Taal, Styl en Redigering | 6 |
| Struktuur | 2 |

1.1 **Ek is jammer oor alles, Alice!** **[20]**

1.2 *Die vreemde busbestuurder ...* **[20]**

1.3 **Dink aan 'n opwindende gebeurtenis wat jou blinde/gestremde vriend(in) nie kon bywoon nie. Beskryf die gebeure aan jou gestremde vriend(in). Gebruik al vyf van jou sintuie in jou beskrywing.** **[20]**

1.4 *So, dis hoe iemand lyk wat ander kinders boelie. Skryf 'n verhaal waarin jy die slagoffer van boeliery was.* **[20]**

1.5 Kies een van jou onderwysers en vertel van 'n dag in sy of haar skoene. **[20]**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en skryf ’n opstel daaroor. Gee ook ’n gepaste titel vir die opstel.

1.6.1



[Bron: www.google.images] **[20]**

1.6.2



[Bron: www.google.images] **[20]**

Idees om by VRAAG1.6.2 in gedagte te hou:

- Die ma lyk angstig / bekommerd.
- Die dogter se manier van sit, dui op moedeloosheid.
- Die dogter lees iets op die selfoon wat haar ontstel.

1.6.3



[Bron: CLIPART] **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies EEN van die onderwerpe hieronder en skryf ’n skryfstuk van **100–110 woorde** daaroor. Skryf die nommer neer.
Hou die volgende punteverspreiding in gedagte:

| | |
|---|---|
| Inhoud, Beplanning en Formaat | 6 |
| Taal, Styl en Redigering | 4 |

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy dra ’n baie groot geheim oor een van die leerders by die skool saam met jou. Jy besluit om dit met jou beste vriend(in) te deel. Skryf ’n vriendskaplike brief vir hom/haar waarin jy die geheim deel. Vra ook raad hoe om die situasie te hanteer. **[10]**

**OF**

2.2 **INSTRUKSIES**

Jy gaan vir twee weke saam met ’n sportspan oorsee. Gee instruksies vir jou beste maat oor hoe om jou gunsteling troeteldier te versorg. Wees ook spesifiek in jou instruksies oor wat jou maat te doen staan as jou troeteldier te veel na jou verlang. **[10]**

**OF**

2.3 **FORMELE VERSLAG**

Daar is drie selfone tydens pouse uit julle klas gesteel. Jy en ’n maat het toevallig gesien hoe vreemde mense in die skoolgange tydens pouse ronddwaal. Skryf nou ’n ooggetuieverslag waarin jy aan die polisie verslag doen oor wat gebeur het. **[10]**

**OF**

2.4 **DAGBOEKINSKRYWING**

Die seun/meisie waarvan jy hou, het jou uiteindelik raakgesien. Hy/sy het jou gevra vir ’n dans/fliek. Maak TWEE dagboekinskrywings. Een op die dag wat hy/sy jou gevra het en die tweede inskrywing die dag ná die dans/fliek. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou